# Noodsaaklike Openbarings Wat God vir Sy Kinders Gee

Geloofseenwording en een wêreldorde is glad nie meer vreemde konsepte vir Christene nie. Aanvanklik was daar natuurlik die skeptiese toehoorders wat gevoel het dat die tipe boodskap maar net nog `n bangmaakstorie is en wat natuurlik nou baie gou aan sameswerингsteorieë gekoppel word. Tog is dit `n werklikheid wat algaande besig is om gestalte te vind en ons mag dalk baie gouer met hierdie tipe verdoemende boodskap gekonfronteer word en nie net met die boodskap nie, maar ook met die werklike inwerkingstelling daarvan. Ek onthou ek het my eerste artikel hieroor geskryf ongeveer tien jaar of meer gelede.

**Visoene van God is `n seën wat ons net nooit mag afmaak as versinsel nie.**

Jesus is altyd betrokke by Sy liggaam en om hierdie rede sal Hy openbarings gee vir Sy gesalfdes tot aan die einde toe. Hy het belowe om by ons te bly tot dan en om hierdie rede behoort ons te kan besef dat as daar nogsteeds drome en openbarings van God kom, en dit word met ons gedeel deur diegene wat bevoorreg is om as gesalfdes in die raad van God te kan staan, dan behoort ons eintlik onsself as baie geseend te beskou. Immers laat God niks toe op aarde alvorens Hy dit aan Sy diensknegte, die profete, bekend gemaak het nie. Hierdie tipe nou verbintenis van God met Sy kinders, leer ons uit die profete van ouds en al sou ons ook in `n uiters koue geestelike toestand vandag leef, is daar, dank die Here, nogsteeds diegene wie Hom in Gees en Waarheid soek.

Baie sal voel ek oordryf hier want daar is dan so baie wat nogsteeds die Here gehoorsaam en Hom getrou dien volgens hulle, maar ek kan jou verseker dat as dit by die ware werkinge van die Heilige Gees kom, die onderbou van die eerste gemeentes van Jesus op aarde, is daar nou inderdaad, net soos wat die Here dit aan Evangelis Arie Blomerus in die negentiger jare geopenbaar het op sy sterfbed, `n Woordhonger wat direk verband hou met die ware (!) profetiese woord en wat feitlik totaal-en-al uitgeblus is. Feit is, saam met die boodskap van eenwording en een wêreldorde, kom daar nou juis `n smagting na die werklikheid van Jesus en juis omdat ons die egte werking van die Geesgawes nie meer beleef in ons geestelike samekomste nie. Dit wat nog plaasvind, en veral met betrekking tot die profetiese woord, is dikwels, en feitlik geheel-en-al, net `n skynwaarheid. Hierdie tipe onderskeid tussen die egte weergawe en sy namaaksel word uit genade nogsteeds, al is dit ook in baie kleinmaat, darem nog aan ons voorgehou.

Ons behoort dan baie dankbaar te wees as God nog met ons praat al sou die boodskappe wat ons dan in egtheid ontvang soms teregwysend wees. Feit is, ons leef nou in die tyd van die laaste skale volgens die *Openbaringe van Johannes* en as ons ons wandel met die Here koester, behoort ons gehoor te gee aan diegene wie die Here nog vir hierdie tyd gesalf en afgesonder het om boodskappe van God, dit kom neer op die geheime van God wat openbaar gemaak word aan God se ware gesalfdes, oor te dra aan Sy volk.

**Ons het `n terugkeer na die lewenswandel van die vroegste kerk vandag broodnodig!**

Dit is nie maklik om in die gaping te staan nie want daar is eerstens `n gejaag na selfbelangrikheid en gepaard hiermee het daar `n bestorming van die koninkryk van God gekom in resente jare soos nog nooit vantevore nie – en dit lyk vir my meer afkomstig van predikers as van gewone lidmate! Baie wat op belangrike platforms preek, bring nie die evangelie soos wat God dit verlang nie, met die gevolg dat die samekomste feitlik in geheel net uit prediking bestaan. Dit is baie noodsaaklik, mag een en almal beslis antwoord, maar as ons wil *hoor* wat God aan ons wil verklaar – dit is nou oor die tyd waarin ons nou lewe en wat ons te wagte kan wees hier in die laaste fase van die eindtyd - het ons die ware werkinge van die Geesgawes nodig en saam met hierdie werkinge wat direk van God en Sy Troon afkomstig is, het ons die waarheid van die Woord veral nodig want die Woord is

`n lig op ons pad en `n lamp aan ons voete (Dawid in die Psalms).

Feit is daar is valse doktrine en egte doktrine en iemand wat `n woord van die Here onlangs ontvang het, `n Swart prediker wie ernns met die Here maak en wie gereeld vas en bid en ook naby die Here lewe, het juis onlangs daarop gewys dat God hom gewys het dat Hy ontroerd is omrede die Christendom in die algemeen nie kennis wat van God kom, soek nie. Hy het die Skrif gebruik, "My volk gaan ten gronde weens gebrek aan kennis".

Hoe dikwels het ekself met groot teenkanting gesit, dit is wanneer ek gedwonge gevoel het en, gedryf deur God se Gees, geskryf het oor kennis wat deur die apostels van Jesus aan ons oorgelewer is maar wat nie volgens God se wil verkondig word nie. Ek het geskryf oor die basiese geloofsvereistes van God se Woord, soos byvoorbeeld die ware doop van die gelowiges volgens die eerste eeuse geloofsbelydenis, die egte ontvangs van die Heilige Gees en die funksionering van die Geesgawes, die openbaring van Jesus Christus en hoedanig God van ons verlang om die Skrifte te herondersoek, maar hoe dikwels moes ek na God toe gaan en kla by Hom: "Here, hulle wil nie kennis hê nie" - altans die kennis wat ek met soveel ywer uitgedra het en wat ek, deur God se genade en op Sy openbaring, van Hom ontvang het met die doel om mense geestelik te versterk.

Feit is, ons kan net geestelik versterk word as ons in Waarheid staan en daar kom in elkeen van ons se lewe, as ons erns met God maak, `n tyd wat ons dieper wil gaan as om net `n gedweë saamprater te wees! En dit is juis afvallige evangelie wat nou, op hierdie huidige oomblik, reg voor ons staan en wat ons meer en meer gaan konfronteer met `n eensydige geloofseenwording wat dan, vanselfsprekend, geloofsidees aan ons gaan opdring wat nie volgens God se Woord is nie! Baie besef nie eens die gevare van hierdie saak nie en daarom het God die prediker na wie ek sopas na verwys het, aangesê om ook hierdie saak, naamlik die noodsaaklikheid van die regte (apostoliese) doktrine, aan te roer.

**Wil die millenium mens erns met sy God maak of voel ons geborge in `n voorgee (gesimuleerde) bestaan? Wat sê God vir ons?**

In resente tye wou die meeste gelowiges wat behep is met sosiale media net plakkertjies en Bybelversies oor en weer uitstuur. Ek het baie gou die draad opgetel deur die Gees van die Here dat daar relatief min ag geslaan word op die erns van Skrifwaarheid sodra die tipe boodskap aangeroer word en wanneer daar moeite gedoen word om te wys op dit wat God vir ons in Sy Woord opgesluit het, en wat Hy so graag wil hê ons moet omhels want, en dit is die kruks van die hele geneul oor "Waarheid": Ons kan net geestelik geanker word in Christus as ons bereid is om moeite te doen om by Hom en Sy Woord van Waarheid uit te kom! Nou, baie, baie wil nie ernstige godsdiens hê nie! God het myself in die kerke ingestuur in 1999 met `n boodskap wat ek in `n visioen van die Here ontvang het : "Gaan in die kerke in en sê vir hulle hulle moet die Geesgawes terugbring op gemeentelike vlak EN hulle moet sondeopenbaring in die gemeentes toelaat".

Dit was inderdaad `n moeilike taak, maar wie wou hierdie boodskap hê? Wie wou die moeite doen om die egtheid van hierdie saak na te speur en om dit met die Woord van God te vergelyk? Het die kerk van Jesus verander, en, as ons God sou wou behaag, mag die kerk ooit sy eie reëls maak, dit is om in plek van God se Waarheid (die "deposito"wat ons van die apostels van Jesus ontvang het, naamlik die boodskap van Jesus) sy eie tipe boodskap te versin - en net om sy gewildheid en inspraak in die samelewing te kan behou?

Ek dink wat God se opdrag betref, het min hulle aan dit wat ek oorgedra het gesteur. Sou dit wel die geval gewees het, sou die Geesgawes dalk op groter skaal omhels gewees het. Waarom? Die kerkdom in die algemeen bedoel, het, soos dit voorkom, liewer gestrewe na voorspoed op alle gebiede, net soos wat oud-Israel ook gemaak het, met die gevolg dat gewilde predikers wat ingestel

was op gewilde boodskappe,  net om groot getalle te trek, aan die orde van die dag is. En dit is asof die tipe benadering net feller toegeneem het! En as ons die Geesgawes weer sou nadergetrek het soos wat dit in vroegste Pinkster, ook in die dertigerjare, aangegryp was, sal ons beslis baie meer vir die Here kan doen as wat nou die geval is.

Ons sal immer `n gehoorsame, ware bloedgewaste volk van die Here gewees het en wie se bedieninge nie in woorde nie, maar in Krag uit die Hoogte gelê het. En dit geld ook nie net vir ons hier plaaslik in Suid-Afrika nie, maar ook vir  oorsese gelowiges. Groot lawaai en luide volume is nie `n teken van God se Gees nie want God se Gees lei altyd tot geestelike diepte en `n vaste oortuiging in gemoed van Skrifwaarheid;  wat God van ons verlang om vir Hom en die voortbestaan van Sy saak op aarde te doen en wat soms ook in toegewyde stilte ten uiting kan kom. `n Heilige lewe is `n bloedgewaste lewe en net God se Geeswerking kan die mens vanuit sy sondige bestaan lig!

**Wat is die ambience van die algemene, gewilde  groot byeenkomste?**

Dit was in resente tye wat die Here my ook in `n visioen gewys het hoe die megabyeenkomste plesiersoekend geword het.  Hulle het bymekaar gekom om te sosialiseer en om `n lekker, gemaklike godsdiens op die been te bring. Ek was besig met die Here om Hom te aanbid  (in die visoen) waarop ek  in kragtige talespraak deurgebreek het.  Dit wat beslis in die eerste eeuse kerk algemeen en “gewoon” sou gewees het, was duidelik nie welkom nie. Diegene wat gesit en wag het op die prediker om op te daag,  het begin lag en spot oor die spontane talespraak,  en die Here het my toe weer `n  boodskap kort daarna gegee (ook in `n visioen) om die Christene te vertel dat geloofsvervolging virseker op die horison is.  Dat dit `n werklikheid is. Ek het dit uitgeroep maar niemand het hulle aan my gesteur nie!

**Die groot sifting is hier want die Genadeboodskap het geestelike vervlakking gebring!**

Sien, God is gedwonge om Sy bruid nou te sif want baie verkeerde dinge is nogsteeds aan die orde van die dag.  Daar was ook nie ag geslaan om terug te keer na die Woord van die Here nie, dit is om met sondebedrywing, soos in die tyd van die apostels van Jesus, te breek nie (“Bestraf diegene wat sondig in die openbaar SODAT die ander kan vrees” - Paulus aan Timothéüs).

Die Genadeboodskap wat baie toegeeflik is en ook oneindig rekbaar, het toe die norm geword (ook die maatstaf om duisende luisteraars wat “in die gehoor gestreel wou wees” gerieflik byeen te kon bring). Hierdie *aangepaste* boodskap van Genade en wat met duur bloed verseël was,   het toe ewe goedkoop  “boots and all” onder die gelowiges in plek geval. Dit het baie vinnig, soos `n brood wat gemaklik en baie gou by die regte temperatuur oor sy panne sal rys, `n groot sambreel geword waaronder skuldig en onskuldig gerieflik skuiling gesoek het,  en dit is dan ook die rede waarom God wie nooit Sy standaarde sal of kan verlaag nie, noodwendig moet toetree tot die geestelike arena van vandag. Dit is presies hoe God met Israel gewerk het, en natuurlik ook onder die Nuwe Testamentiese bedeling vereis het dat elke bloedgewaste deur lyding volmaak sou word (Paulus). Jesus het immers verklaar dat *almal* wat godvrugtig wou lewe, vervolg sou word EN dat Sy Naam `n aanstoot vir baie sou wees.

**God is in beheer in vervolging**

Hierdie geestelike vervalle toestand in die breë kerk van Jesus sogenaamd het beslis daartoe gelei dat God iets gaan doen wat ons dan nie sal geval nie en dit is, God gaan definitief vervolging stuur sodat Sy volk, deur geloofsvervolging,  rein en heilig sal kan wees, gewas in die bloed van die Lam

want dit is God se hoofvereiste vir enigeen wie aanspraak wil maak op “ewige lewe”.

**Die een wêreldreligie sal drastiese belydenisse van ons vereis**

God het my so `n jaar of twee gelede gewys dat dit waaroor ons so bespiegel en wat ons so dikwels op YouTube vind, naamlik een wêreldgeloof en een wêreldorde, `n werklikheid is. Ek het `n visoen van die Here ontvang wat ek met vele gelowiges gedeel het: Ek sien `n langwerpige, middeleeuse tweeverdieping gebou (plat dak) – op die aard van sestien/sewentiende eeuse argitektuur - voor my. Die hoof van die AGS kerk het langs my gesit en ek kon sien hy was diep bekommerd. Ekself het besef daar was iets aan't kom wat baie belangrik is en was in afwagting. Skielik het die huidige pous uit die gebou getree en die man langs my sterk aangespreek. Sy woorde was: “Julle sal net moet doen wat ek sê!”

Toe sien ek hoe dieselfde pous my boek wat ek geskryf het oor die ontplooiing van die Christelik Kerk opsny sodat net die kantlyne van die boek oorgebly het. Met ander woorde niks daarvan het oorgebly nie en dit het hy toe in `n vertoonkas geplaas maar dit was niks werd nie! Nou, ek moes uit die aard van die saak feite oordra wat die afval van die ware geloof direk aangespreek het. So, die waarheid wat God my aangesê het om “te gaan haal”, sal verwerp word en natuurlik in belang van een, algemene geloof wat beslis in plek gaan val en ek voorsien nie so lank hierna nie.

Die AGS was deur God in die visoen gewys omrede dit die eerste Pinksterliggaam in Suid-Afrika was. Ek neem dan aan dat die geestelike waardes, en veral die Geesgawes en die beoefening soos wat die Pentekosteliste dit gedoen het, verwerp gaan word en dit gaan uitgeroei word, alternatiewelik, dit gaan totaal-en-al afgewater word. Ek het onlangs op `n YouTube video afgekom waarin `n (ek dink) Presbiteriaanse prediker wys op die geloofsvermenging wat nou gedryf word deur die huidige pous sowel as sy aangewese Anglikaanse prediker en wat inderdaad een en almal wie erns wil maak met Waarheid as doktrine, en Waarheid soos in geloofsbeoefening, se oë behoort oop te maak.

Ek het so twee dae gelede verneem van `n prediker van die Lede in Christus wie op DSTv opgetree het en wie `n visioen van die Here ontvang het so `n week of twee vantevore. Volgens hom het hy `n groot gebou gesien met die woorde bo-aan (soos ek dit verstaan), naamlik “One World.....” en met die res van die titel verbloem, en wat hyself in sy gedagtes wou voltooi het as, “One World Order” maar, skielik kon hy alles lees, naamlik, “One World Religion”. Nou, die openbaring kom baie goed ooreen met die een wat ek hier vertel het. Omrede God wil hê dat profetiese drome en openbarings openbaar gemaak moet word, veral as Hy bevestiging daaroor gee, deel ek dit hier met alle gelowiges. Uit die aard van die saak sal net gelowiges geteiken word deur geloofsvervolging. Die Here het my ook in twee ander visioene wat ek nie hier vertel nie maar wat ook op dieselfde saak dui, ontmoet.

Wat dan duidelik behoort te wees is dat ons nou op die drumpel staan van `n tipe geloofseenwording wat van die ware volgelinge van Jesus sal vereis om vir Waarheid te stry en om hulle getuienis selfs met hulle eie bloed te verseël net soos wat dit met die martelare deur die eeue heen, gegaan het. Dit sal dan geen maklike taak wees nie. God het deur Evangelis Arie Blomerus ook in om en by 1994 op geloofsvervolging gewys. Die profetiese woord was as volg: “Ongetwyfeld kom hier geloofsvervolging. Hy wie wil hardloop kan hardloop en hy wie wil staan kan staan.”

Nou, hierdie saak het niks met verhuising na ander wêrelddele te maak nie, maar dit hou verband met die mens of Christen se eie keuse, om vir die Here se saak tot die dood toe te staan, of om dit te laat vaar. Ekself weet dat God my jare gelede gewys het dat “duisende gaan afval”want hulle sal nie bereid wees om vir Christus se saak vervolg te word nie. Veral nie as dit ook tot uiterstes sou

oorgaan nie. God het ook `n profetiese woord in ons midde gelê, ook in die negentigerjare deur Evangelis Arie (1910-1997), naamlik dat "... die tyd kom nou nader dat hulle Jesus openlik gaan vervloek". Omdat ek weet dat God hierdie man so diep met die Geesgawes gebruik het, deel ek die profetiese woord met vrymoedigheid, maar waarop dit neerkom is dat baie gedwing sal word om te kies tussen Jesus en Sy Waarheid en die een geloof wat dan aan een en almal voorgehou sal word. Ons kan nooit die skepsel bo die Skepper vereer nie! (Paulus aan die Romeine). Dieselfde evangelis het verklaar dat daar `n tyd sal kom dat van die Pinksterpastore gaan aan die pous se voete val. Ons weet dat daar al evangeliste in die verlede was wat gespog het met hulle besoek aan die pous en wie toe tale saam met hom gepraat het! Dit was jare gelede.

Nou daar sal beslis nog meer dinge kom. Ook wat Islam betref. `n Ware kind van God wat ook baie vaste onderneem elke jaar, het `n droom van die Here ontvang op `n stadium. Hy vertel hy het gesien hy sit in `n Pinkster Kerk (wat seker op die Pentekostalisme in die algemeen heenwys). Daar was `n afwagting by die gehoor en die pastoor was reeds agter die poelpit toe die deur van die kerk skielik oopgaan en `n imam binnekom. Die pastoor sê toe, "Laat ons net wag vir ons broer om te sit". Skielik het die Gees van die Here hom op sy voete getel en deur hom uitgeroep: "Nee! Die Here sê, "Nee!".

Ons as Christene se aanbidding lê alleenlik by Jesus alhoewel ons in `n wêreld lewe wat uit vele gelowe bestaan. Ons word nie geroep om mense te beledig of hulle hulle regte te ontsê nie, maar daar is maar, soos wat Paulus verklaar, net "een Here Jesus!". Net Hy alleen is vir `n toegewyde Christen aanbiddingswaardig en ek kan julle verseker dat hierdie belydenis gaan ons sterk konfronteer in die nabye toekoms.

Dis `n baie ernstige, gewigtige saak en ek weet dat dit net diegene sal wees wat waarlik met Christus beklee is, wat staande sal bly. Mag God ons genadig en barmhartig wees. Mag Hy ons met Krag uit die Hoogte aandoen opnuut. Om hierdie rede voel ek om oor hierdie saak te praat. Daar is visoene wat mens nie altyd hoef oor te dra nie, maar waar iets die hele liggaam van Jesus raak, behoort ons vrymoedigheid te neem om dit openbaar te maak en veral as God dit bevestig aan meer as een. Dit behoort egter nie as uitsluitlike maatstaf te dien nie, want God vertel beslis sy geheime aan Sy gesalfdes en die profete van ouds het wat God aan hulle openbaar gemaak het, vertel. Dit is soms baie moeilik om dit te doen. Dit is veral deesdae moeiliker omrede daar so baie valse profete is wat groot geld uit die evangelie van Jesus Christus maak en wie God se saak dikwels baie benadeel deur vergrype te pleeg. Mens is eintlik deesdae bang om die titel "Profeet" te gebruik! Maar as ons dink aan die honderde valse profete met wie Elia byvoorbeeld te doene gehad het, dan behoort ons nooit toe te gee aan druk van Satan om profesie maar liewer ongesiens te laat verbygaan nie.

**Dis belangrik om by die Woord te hou! Moenie mislei word nie!**

Die Skrifte word so uit verband geruk deur predikers wat nie die leiding van God se Gees volg nie, dat daar werklik `n behoefte is aan Bybelse Waarheid want dit sal ons anker in Jesus. Baie is houtgerus want hulle kan nie die identiteit van die Antchris en die Vals Profeet onderskei nie. Ek raai jou aan om die gesonde leer van Christus, dit wat die apostels van Jesus vir ons gebring het, aan te kleef. God self sal Sy ware kinders versterk en deurdra deur elke donker dal van vervolging. Hy het dit in die verlede met duisende van Sy martelare gedoen. En ons het eintlik geen ander keuse as om Jesus te kies nie. Ons sal dan ook bereid moet wees om te ly vir Christus want dan sal ons ook saam met Hom kan regeer. Jesus gaan terugkeer na ons toe! Hierdie getuienis staan vas! Laat ons dan let op die tekens van die tye. Laat ons erns maak met ons God en met Sy Woord. Laat ons na predikers wie God gesalf het luister.

**Die tyd van benoudheid is hier!  Maar ons hoef nie te vrees nie!**

**Vrees nie hom wie die liggaam dood kan maak nie! (Jesus)**

Baie gaan afval.  Bly dan staan en om dit te kan doen, bid veral vir `n nuwe ontmoeting met Jesus. My Pa (Evangelis Arie 1910-1997) het jare gelede `n visioen van die Here ontvang. Hy het gesien hoe word die Christene wat Jesus in Gees en Waarheid wil dien vervolg, verjaag en verdruk. Dit wat natuurlik ook plaaslik afgespeel het in die verlede maar toe wys die Here hom `n groot dam water en hy roep toe al die Christene op om in die water te duik. Dit is die Heilige Gees, het hy verklaar. Ons moet ons berg in die Gees van God en God vra om ons kragtig aan te doen met die Heilige Gees. God hoor. Hy sal antwoord as ons ons begeertes voor Hom uitspreek. Ons moet nie moed verloor nie. Dit sal ons nêrens bring nie. Volhard in gebed want niemand sal dit vir jou kan doen nie! En groei in die Here terwyl jy wag op beloftevervulling! Lees die Woord baie deeglik en eien die beloftes vir jouself toe.

**Geloofsvervolging bring ons nader aan Jesus**

As ons geloofsvervolging beskou as dat dit ons nader aan Christus sal bring, behoort ons al op die eerste sport van die geloofsleer stelling te kan inneem en as ons bereid is om in egte broederliefde, ondanks ons kleinere geloofsverskille, op te kan tree, behoort ons die Gees van Christs as onderpand te kan aantrek en sodat ons staande sal kan bly teen Satan se listige planne en pyle teen Jesus se volgelinge.  Paulus het hierdie les vir ons geleer.

Mag God ons help om deur dik en dun by Christus en Sy waarheidboodskap te kan staan en laat ons ten volle oortuig wees om vir mekaar te bid!

Geskryf deur Ester Blomerus
2019-08-09 (Geredigeerde weergawe)
www.housealtarnetwork.com